
THE END IS NEAR!
OF THE YEAR

*Wie sien nie uit na die einde van die jaar nie? Waarna sien jy die meeste uit?*

Meeste van ons is opgewonde om te gaan rus, vakansie te hou, op te hou met werk, Kersfees te vier of sommer net onder ‘n boom te gaan sit. Dis vir ons goed dat daar ‘n einde is. So kom ons almal iewers aan die einde van ‘n seisoen.

*Watter seisoen het vir jou geeindig of onlangs begin?*

Ons is dalk opgewonde oor dinge wat eindig, maar is ons net so opgewonde oor die eindtyd wanneer Jesus weer kom?

God, en Jesus, praat ongelooflik baie oor die eindtyd en veral dat dit met ‘n Oordeelsdag gepaard sal gaan. Baie van ons is onseker oor daardie eindtyd en bang omdat God gaan beoordeel, straf en intree.

**Kom ons lees 2 Tessalonisense 1:1-12.**


THE
LAW
I
II
III
IV
V
VI
VII
VIII
IX
X

# 2 TESSALONISENSE 1:1-12

'Ons moet God altyd vir julle dank, broers. En dit is ook reg, want julle geloof neem sterk toe, en sonder uitsondering word julle liefde vir mekaar altyd meer. Daarom praat ons met trots van julle in al die gemeentes van God en vertel ons van julle volharding en geloof onder al die vervolging en lyding wat julle moet verduur. **Dit alles is 'n bewys van die regverdige oordeel van God, naamlik dat Hy julle geskik geag het vir sy koninkryk, waarvoor julle nou ook ly. God is tog regverdig: die mense onder wie julle nou so ly, sal Hy as straf ook laat ly; en aan julle lyding, en ons s'n, sal Hy 'n einde maak wanneer die Here Jesus met sy magtige engele in 'n vuurvlam uit die hemel verskyn. Dan sal Hy die mense straf wat nie vir God ken nie en dié wat die evangelie van ons Here Jesus nie gehoorsaam nie.**

# 2 TESSALONISENSE 1:1-12

**Die ewige verdoemenis sal hulle straf wees, altyd geban uit die teenwoordigheid van die Here en van sy wonderbaarlike mag. Dit sal gebeur op die dag wanneer Hy kom om verheerlik te word deur dié wat aan Hom behoort, om eer te ontvang van almal wat glo**. Julle sal ook daar wees, want julle het ons getuienis aan julle geglo. Daarom bid ons ook altyd vir julle: Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie en die werk van die geloof volkome maak. So sal die Naam van ons Here Jesus deur julle verheerlik word, en julle deur Hom, in ooreenstemming met die genade van ons God en van die Here Jesus Christus.'


THE END is NEAR
In a good or bad way?
COVID
UKRAINE CRISIS ESCALATES

*Watter gedeeltes in hierdie teks is iets waarna jy uitsien?*
*Watter gedeeltes in die teks maak jou bietjie benoud, angstig of onseker?*

Net soos wat ons opgewonde is oor Kersfees of die einde van die jaar, is die eindtyd wanneer Jesus kom ook baie goeie nuus. Die dag waarop God gaan oordeel, is gevul met genade en dit is goeie nuus! Jy mag dalk onseker voel daaroor, maar ons smag eintlik almal na oordeel in ons lewe.

1. Dalk het jy hierdie jaar baie ingesit, hard gewerk, opofferings gemaak en ontberings beleef, maar niemand het jou waardeer of raakgesien nie. God sien raak. Hy mis niks. Alles wat ons doen tel en gaan deur God beoordeel word! Dit is wonderlike nuus! Dink bietjie aan die arme weduwee wat haar bietjie muntstukke in die bakkie kom gooi het. Jesus het geweet.

2. Dalk het jou vriende jou verlaat hierdie jaar, dalk het jy afdraai paadjies gevat, alleen gevoel, stukkend, geval, seergekry. God wil herstel en vernuwing bring. Hy maak reg wat verkeerd is. Daarna kan ons uitsien wanneer Hy oordeel.

3. Wat beteken liefde, vergifnis, genade as daar nie ‘n einddoel is nie? Waarvoor sal ek my afsloof en opofferings maak as daar nie ‘n uitkoms gaan wees nie? Die oordeelsdag waarborg dat alles nie vir niks is nie, maar vir iets. Dit gee ons tog moed!





God is ons Verlosser, maar Hy is ook die Regter. Ek kan nie net kies om 'n gedeelte van God te aanvaar nie – anders gaan dit my geen vreugde besorg nie. **Om Hom volkome te ken en in my lewe toe te laat bring vreugde en verlossing.** *Wat beteken dit vir jou dat God jou Verlosser, maar ook jou Regter is?*

*Is jy steeds bang dat God jou slegte punte ook ken en dat Hy dit gaan beoordeel?*
*Is jy steeds bang dat jy nie goed genoeg gaan wees nie en dat jy te lig gaan weeg op die einde?*

Lees weer **2 Tess. 1:9**. *Wat is die ergste straf wat 'n mens kan kry? Wat is die swaarste, donkerste ding wat met jou kan gebeur?*

Die vuur en vlamme en verwoesting waarna daar in die Bybel verwys word, is dikwels simbolies van iets veel erger. **Die ergste verdoemenis is om geskei te wees van die teenwoordigheid van God.** Dan is dit letterlik nag. Wanneer jy nie voor God se regterstroon en in Sy teenwoordigheid wil verskyn nie, sal jy nie kan opgewonde wees oor die eindtyd nie.

**Lees die volgende teksverse wat vir ons vertel van God se geregtigheid en teenwoordigheid in ons lewe.** *Wat staan vir jou uit in hierdie teksverse?*


# 2 KRONIEKE 7:13-15

' As Ek die hemelruim sluit, sodat daar geen reën is nie, of as Ek die koringkrieke opdrag gee om die land kaal te vreet, of as Ek 'n pessiekte onder my volk loslaat, en my volk, oor wie my Naam uitgeroep is, hulle verootmoedig en bid, **en my teenwoordigheid opsoek en terugdraai van hulle verkeerde paaie, sal Ek self uit die hemel hulle hoor. Ek sal hulle sonde vergewe en hulle land genees. My oë sal nou oop wees en my ore sal aandagtig luister na die gebede uit hierdie plek**. ‘

Maar as hulle van my af wegdraai...

# MALEAGI 4

“Want kyk, die dag gaan kom, dit gaan brand soos 'n oond. Dan sal al die verwaande mense en elke booswig kaf wees, en die dag wat kom, sal hulle verbrand,” sê die Here, Heerser oor alle magte, “daar sal nie wortel of tak van hulle oorbly nie. **Maar vir julle wat ontsag het vir my Naam, sal die son van geregtigheid deurbreek met genesing in sy strale. Dan sal julle uitgaan en bokspring soos kalwers wat op stal was, en julle sal die goddeloses vertrap. Ja, hulle sal as onder die sole van julle voete wees, op die dag wat Ek voorberei,” sê die Here, Heerser oor alle magte**. “Onthou die Wet van Moses, my dienskneg, wat Ek hom by Horeb beveel het en wat vir die hele Israel geld – die vaste voorskrifte en bepalings.”



# JESAJA 60

# PSALM 27

# PSALM 80

God se geregtigheid is waarna ons smag – vir ander en vir ons eie lewe. *Wat beteken dit vir jou dat God die Regter is en dat Hy oordeel? Hoe dink jy behoort jy anders te lewe teenoor jou medemens? Hoe dink jy behoort dit jou eie lewe te verander?*

God is die Regter, daarom hoef ek en jy nie te oordeel nie. Ons kan die vriendelikste, geduldigste, ligste, vergewensgesindste mense op aarde wees – want ons hoef nie wrokke te hou en woede te koester en vinger te wys nie.

**Die Hebreeuse woord vir teenwoordigheid is dikwels dieselfde woord as die vir gesig.** *Onthou jy toe Moses in God se teenwoordigheid op die berg gegaan het, en teruggekeer het met 'n gloed op sy gesig?*
Om God van aangesig tot aangesig te sien, verander jou.
God sal altyd Sy gesig na jou toe draai as jy Sy aangesig soek.
Die kere wanneer God Sy rug gedraai het, was toe mense self gekies het om Hom te vermy en uit hul lewe te sny. En natuurlik aan die kruis, toe dit donker geword het omdat God vir Jesus moes verlaat.



“Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word. '

# MATTEUS 7:7-8



*Wie kan jubel en opgewonde wees oor die Oordeelsdag?*
*Wie gaan die Oordeelsdag oorleef?*

Die wat soek na die wil en die aangesig van die Heer!  As jy God aanhou soek, sal jy Hom altyd kry.  As jy jou eie aansien of ander gode soek, is dit wat jy gaan kry.  Soek en jy sal vind!

*Wat soek jy vir Kersfees?*
Jy gaan dalk nie kry wat jy soek nie, maar as jy baie hard werk en alles insit om hierdie geskenk te kry, sal jy dalk dit kan kry.  God sien, God hoor, Hy sal by die Oordeelsdag vir jou gee waarna jy gesoek het.

**GEBED:**
Die Here seen jou
En bewaar jou
Skyn Sy aangesig oor jou
Mag Hy genade bewys
Die Here draai Sy
Gesig na jou
Mag Hy jou vrede gee.
**AMEN.**